2017/11/13
08:49 AM

Graan SA Weeklikse Oliesade Mark Kommentaar

	DATUM 2017/11/13	DATUM 2017/11/03			+ - WEEK GELEDE 2017/11/06		+ - MAAND GELEDE 2017/10/16		+ - JAAR GELEDE 2016/11/14	
	Data	Δ	Δ%	*Data*	Δ%	*Data*	Δ%	*Data*	Δ%	*Data*
Brent ($/b)	63.68	2.86	4.7%	60.82	1.9%	62.47	10.1%	57.86	40.8%	45.24
US$: ? ZAR	14.40	0.070	0.5%	14.33	1.4%	14.20	8.4%	13.29	7.1%	13.44
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 1 944.46	21	1.1%	R 1 923.72	* CBOT Dec sent/skepel +-08:00 vandag vs CBOT Mielies Dec +-12:00 die vorige dag					
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 2 280.46	27	1.2%	R 2 253.58	*CBOT Dec sent/skepel +-08:00 vandag vs CBOT Koring Dec +-12:00 die vorige dag					
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 5 169.40	-12	-0.2%	R 5 181.13	*CBOT Nov sent/skepel +-08:00 vandag vs CBOT Soy Nov +-12:00 die vorige dag					
Jongste CBOT pryse tydens oornagverhandeling (Aangeteken tussen 06:00 - 07:00 vm teenoor 12:00 vm die vorige verhandelingsdag)										
Corn Dec '17	343.00	2.00	0.6%	341.00	-1%	348.00	-3%	352.00	-9%	375.75
Wheat Dec '17	431.00	3.00	0.7%	428.00	1%	425.00	-2%	439.00	-10%	477.75
Soybean Nov '17	977.00	-7.00	-0.7%	984.00	0%	977.00	-2%	1000.00	0%	981.25
Jongste MTM-pryse (Aangeteken om 12:00 die vorige verhandelingsdag SPOT = naaste kontrakmaand (Rand/ton)										
SORGHUM Dec '17	2620	0	0.0%	2620	2.7%	2550	4.8%	2500	-25.1%	3500
WMAZ SPOT	2025	24	1.2%	2001	0.7%	2011	9.1%	1856	-45.9%	3746
WMAZ Jul '18	2172	16	0.7%	2156	0.3%	2165	5.8%	2052	-16.7%	2608
YMAZ SPOT	2117	12	0.6%	2105	0.8%	2100	8.2%	1957	-33.6%	3189
YMAZ Jul '18	2241	9	0.4%	2232	0.3%	2234	5.6%	2123	-9.0%	2463
SOY 50 SPOT	5022	2	0.0%	5020	2.0%	4923	5.8%	4745	-22.5%	6480
SOY May '18	5216	-9	-0.2%	5225	2.0%	5114	5.1%	4965	-13.8%	6050
SUN SPOT	4746	6	0.1%	4740	3.9%	4566	4.1%	4558	-23.3%	6187
SUN May '18	4936	4	0.1%	4932	2.7%	4805	4.0%	4747	-16.6%	5915
WHEAT SPOT	4196	6	0.1%	4190	0.0%	4196	2.0%	4114	4.9%	4001
WHEAT Dec '17	4221	15	0.4%	4206	0.0%	4221	2.3%	4127	5.2%	4014
OLIESADE	2017/11/10	Bron: Oilworld			2017/11/06		May 2017		June 2015	
Soya-oil, Arg.	796				0%	796	4%	769	18%	676
Soya-pell, Arg.	315				-1%	318	-7%	339	-14%	368
Soybean, Brazil	423				0%	421	3%	410	3%	410
USA Runner 40/50	1250				0%	1250	-22%	1600	-4%	1300
Sun-oil, Arg.	765				0%	765	1%	755	-4%	800
Sun-oil, Black Sea	762				0%	763	2%	750	2%	750
Sunseed,Black Sea	373				-1%	375	-7%	400	-9%	409
Rapeseed, EU cif	443				1%	437	4%	425	11%	399
Palmk oil Mal, EU	1410				-2%	1440	-4%	1470	36%	1037

JONGSTE MARK INLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY VAN VERSKEIE MARKVERSLAE

Sojabone: Die vraag na sojaboonolie en meel in die internasionale konteks is in ’n toenemende tendens en dit word ook goed weerspieël in die stygende tendens van sojaboon en sojaboon produkte verspreiding. Die gekombineerde sojaboonverwerkings en uitvoere vanaf die VSA en 4 van die Suid Amerikaanse lande, het met ongeveer 4.6 miljoen ton (11%) toegeneem gedurende September en Oktober vanaf dieselfde tyd verlede seisoen. Die verwagtinge vir die Amerikaanse sojaboonproduksie, is dat die VSA steeds moontlik ’n rekord produksie van sojabone hierdie seisoen sal hê ten spyte van die effense afwaartse aanpassing van die produksie wat in verlede week se WASDE verslag gerapporteer was. Die produksie vir die seisoen word op 120.44 miljoen ton geskat, wat ongeveer 4 miljoen ton meer is as die vorige rekord produksie in die VSA, wat verlede seisoen geproduseer was. Die weerstoestande in Suid Amerika is ook steeds een van die grootste faktore wat in die internasionale konteks dopgehou word. Die weer is steeds meestal ongunstig, maar die aanplantings het tot dusver goed gevorder. In Argentinië het die weer verbeter en die aanplanting word op 12% voltooi gerapporteer ten die einde van verlede week en dit is 1% beter as dieselfde tyd verlede seisoen. Daar is steeds nog groot gedeeltes van die land waar dit te nat is, maar daar is nog heelwat tyd vir die lande om droog te word voor die planttyd einde se kant toe staan. In Brasilië is die aanplantings op 57% voltooi gerapporteer, wat stadiger as die 64% voltooi van verlede seisoen is en die 61% voltooi wat die 5 jaar gemiddeld is teen hierdie tyd van die seisoen. Die grondvog in groot gedeeltes van die lande se belangrike produserende gebiede is steeds laag en die weervooruitsigte vir die res van November toon meestal onder gemiddelde reënval. Die sojaboon invoere na China word verwag om teen ’n beter tempo plaas te vind gedurende November en Desember en die totale invoere na China vir die seisoen word teen ’n rekord van 95.5 miljoen ton geskat wat ongeveer 12.3 miljoen ton meer is as verlede seisoen se invoere. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark het verlede week goeie ondersteuning gevind en het meestal sterker verhandel vir die week om die week hoër af te sluit Vrydag as waarteen dit Maandag geopen het. Die verwagting in die mark is dat daar heelwat meer sojabone aangeplant sal word hierdie seisoen en die mark sal die vordering van die aanplantings deur die loop van die seisoen dophou.

Sonneblomsaad: In Rusland is die Risiko baie groot dat ’n groot gedeelte van die seisoen se sonneblomoes nie gestroop sal kan word voor die winter aanbreek nie, wat kan lei tot addisionele skade aan die sonneblomme en die produksie vir die seisoen verder negatief kan beïnvloed. Die Russiese produksie vir die seisoen is alreeds vroeër die jaar laer aangepas en baie van die analiste is van mening dat die produksie selfs laer as die huidige geskatte produksie van 11 miljoen ton kan wees. In die Oekraïne is die sonneblom stroopproses besig om einde se kant toe te staan, met slegs 3% wat nog gestroop moet word. Die gemiddelde opbrengs wat in die Oekraïne gerapporteer was, het verbeter in die laaste paar weke, maar die totale gemiddelde opbrengs is steeds tussen 10% en 20% laer as verlede seisoen se gerapporteerde opbrengs. **Plaaslik:** Die plaaslike sonneblomsaadmark het verlede week goeie ondersteuning gevind en het ook meestal sterker verhandel vir die week om Vrydag hoër af te sluit as waarteen dit Maandag geopen het. Die sonneblommark het die afgelope tyd skerp onder druk gekom en het laer verhandel, maar kon daarin slaag om meeste van die verliese wat in die mark gesien was weer op te maak en verhandel nou weer teen die hoogste vlak sedert begin Oktober.

Canola: Die gunstige stroop resultate tesame met die toename in die produsente verkope wat in Kanada gesien was het die verspreiding van canola vanaf Kanada ’n goeie hupstoot gegee en dit het gedurende Oktober ’n nuwe hoogtepunt van 1.95 miljoen ton bereik. Die uitvoere wat Oktober vanaf Kanada plaasgevind het, behoort ongeveer 1.09 miljoen ton te wees indien dit nie meer is nie en dit is aansienlik meer as die uitvoere wat dieselfde tyd van die seisoen verlede jaar plaasgevind het. Cjina het ook die afgelope tyd ’n skerp groeiende vraag na canola getoon en dit het ook die Kanadese canola uitvoere goed ondersteun. **Plaaslik:** Die stroopproses in die Weskaap is aan die gang en die opbrengste wat daar verkry word sal fyn dopgehou word omdat dit ’n goeie aanduiding sal wees van die werklike produksie en die impak van die droogte op die opbrengste.

Grondbone: Die internasionale grondboon en grondboon produkpryse het die afgelope tyd skerp onder druk gekom, hoofsaaklik as gevolg van groot wêreldvoorrade wat tans beskikbaar is met Amerika wat se produksie verwag word om ’n rekord van 2.6 miljoen ton te bereik. Die wêreld grondboonproduksie het in die vorige seisoen met ongeveer 8% toegeneem en die produksie vir die huidige seisoen word verwag om met ’n verdere 3% toe te neem. Die wêreld grondboon uitvoere het ook gestagneer teen die hoë vlak van 2.69 miljoen ton en die afnames in die Argentynse en Amerikaanse uitvoere is uitgekanselleer deur die toenames in die uitvoere vanaf China en Indië. **Plaaslik:** Die verwagting vir die seisoen is dat daar plaaslik meer grondbone geplant sal word as verlede seisoen en die aanplantings het al begin in sommige gedeeltes van die land.

Vir enige navrae, kontak asb: Luan van der Walt, E-pos: **luan@grainsa.co.za**

Everything has been done to ensure the accuracy of this information, however Grain SA takes no responsibility for any losses or damage incurred due to the usage of this information.